Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut

Verwysing: 20200219-4674
Lêernommer: 12/17/8
Navrae: T Cloete

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0002/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Vakadviseurs, Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Viering van Suid-Afrikaanse Biblioteekweek 2020 in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)

1. Die Departement van Kuns en Kultuur het, in samewerking met die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA), verklaar dat Suid-Afrikaanse Biblioteekweek (SABW) 2020 vanaf 16 tot 22 Maart 2020 gevier sal word. Die tema is "**Biblioteke: Jou Blywende Vennote**".

2. 'n Vennootskap beteken om saam te werk, hulpbronne te deel, spanne te vorm, verhoudings en medewerking te ontwikkel. Dit dui dus daarop dat biblioteke en gemeenskappe uit alle oorde van die samelewing wedersyds voordeel uit die smee van verhoudings sal trek en dit sal vir alle partye voordelig wees.

3. Die tema doen 'n beroep op biblioteekgemeenskappe en biblioteek- en inligtingsdienste-praktisyns om in verskillende denkpatrone oor die profiele van ons samewerkende vennote te dink en, daarmee saam, na die voordele verbonde aan 'n verbintenis met oënskynlike nie-tradisionele rolspelers te kyk. Daarbenewens poog dit om waarde uit verhoudings te verkry, alle bydraes te erken en vol te hou met ons voorspraakpogings om 'n verskil in ons skole en gemeenskappe te maak.

4. Ter viering van SABW 2020, bied Onderwysbiblioteek en Inligtingsdienste (EDULIS), in samewerking met NB-Uitgewers, 'n opwindende geleentheid vir een WKOD-skool om **biblioteekboeke ter waarde van R2 000** vir hul skoolbiblioteek te wen.

5. Skole word aangemoedig om elektronies aan die kompetisie deel te neem en die volgende vrae te beantwoord (hierdie vrae sal u help om u byeenkoms/uitstalling te beplan):

   - **Beskryf wat u vir SABW 2020 beplan het.**
   - **Wat is die doelwitte van u beplande byeenkoms/uitstalling?**
   - **Wie is u teikengroep en hoe beïnvloed u SABW 2020-aktiwiteite hulle?**
   - **Waarom dink u moet die beoordelaars u skoolbiblioteek oorweeg vir die prys?**

   Stuur asseblief u antwoorde en vier hoë-definisie foto's per e-pos aan alison.mentor@westerncape.gov.za.

6. Die kompetisie sluit op **Vrydag, 24 April 2020** en die wenner sal teen **Donderdag, 07 Mei 2020** telefonies of per e-pos in kennis gestel word.

7. Die wenskool sal aangekondig word, en die prysoorhandiging sal tydens NB-Uitgewers se Skoolbibliotekarisdag op **Donderdag, 21 Mei 2020** by EDULIS plaasvind.

8. Navrae kan gerig word aan Alison Mentor by alison.mentor@westerncape.gov.za.

9. Die volgende WKOD-distriksamptenare kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:

   - Janine Ontong — Skoolbiblioteekadviseur, Kaapse Wynland Distrik — Tel. 023 348 4657
   - Lorné Erasmus — Skoolbiblioteekdiensbeampte, Overberg Distrik — Tel. 028 214 7386
   - Tirzah Arendse — Skoolbiblioteekdiensbeampte, Eden en Sentrale Karoo Distrik — Tel. 044 803 8377
   - Vernon Koen — Skoolbiblioteekdiensbeampte, Metro-Oos Distrik — Tel. 021 900 7009

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-02-26